Dinsdag 7 April

Skrifgedeelte: Genesis 11:1-9; 12:1-3

Fokusgedeelte: Genesis 11:4; 12:2

## Deur die verbond van die HERE gee Hy aan die mens 'n nuwe naam

Die geskiedenis van die toring van Babel is die eerste van 'n tema wat ons van Genesis tot Openbaring kry: die tema van menslike eiewilligheid en ambisie. Die dryf agter die mense se besluit om hierdie toring te bou, lees ons in vers 4: ... *en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie*.

Die gedagte van naam maak het alles te make met mag en aansien, veral wanneer ons die leuen in gedagte hou waarmee Satan die mens verlei het: *sodat julle soos God sal wees*. Die mens se eiewillige strewe na 'n naam bring hom in direkte stryd teen God. Daarom daal God af en verbreek die vrugtelose pogings van die mens. God verwar die mense se taal en breek die onheilige eenheid wat die mens gesmee het. Nie net verhef die mens homself nie, maar hy verontagsaam ook die skeppingsopdrag van God deur die hele aarde te bewoon en te bewerk.

Tog sien ons die ander inhoud van naam – een wat die mens toegewys word. In hoofstuk 12 kry ons dan weer God se bemoeienis met die opstandige mens. Die geskiedenis van Abram openbaar wie die gewer van 'n naam is. *En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak* ... In die verbond kom maak die Here vir Homself 'n volk bymekaar met 'n nuwe naam. Van Abraham word die verbond in Isak genoem, vanuit wie die stam Israel voorkom. In Jesaja 44 word die belofte van God aan Abram nog voller wanneer God Israel op sy troetelnaam noem: *Jesurun* – 'n naam wat dui op uitverkiesing. In die werk van Christus word die naam van die uitverkorenes nog voller – ons ontvang die Naam van God (Op. 3:12). Ons word nou kinders van God genoem, en deur die tale wat God aan die mens tydens Pinkster gegee het, word hierdie heerlike heilsfeit oor die aarde heen verkondig!

*Sing: Skrifberyming 15-7 (43):5, 6*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*